

DANKBARES HELP MEKAAR OP DIE NUWE-LEWE-PAD

Kol 3:14-17

Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. (15) En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. (16) Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. (17) En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Dankbares help mekaar om op die nuwe-lewe-pad te bly:

- 1 Dankbares maak hul lewe vol met Christus se woord
- 2 Dankbares help mekaar reg onderweg
- 3 Dankbares lewe met dank-sang
- 4 Dankbares se hele lewe is Christus-gesentreerd



SAAM-PRAAT-VRAE:

- 1 Wat in die Skrifdeel val jou die meeste op?
- 2 Hoe kan ons die woord van Christus in ons laat bly?
- 3 Hoe belangrik is dit om mekaar te *vermaan* (reg te help) ? Waarom?
- 4 Wat verhinder christene (ons) om mekaar reg te help?
- 5 Watter rol het lofprijsing in jou lewe? Wat doen jy om dit belangrike plek te gee?
- 6 Om Christus-gesentreerd te lewe is die opsomming van alles. Deel met mekaar nog kenmerke hoe jy dink 'n Christus-gesentreerde lewe lyk?

GEBEDSAKE:

- 1 Ons dank die Heer vir Sy troue liefde en sorg aan RS gemeente
- 2 Ons dank Heer vir boeties en sussies in die Here wat regtig vir mekaar omgee.
- 3 Ons dank Here vir babas wat gedoop is en hul ouers
- 4 Ons dank Here vir mense wat diensbaar is
- 5 Ons dank Heer vir gebede wat beantwoord is

*Prayer
Works*

